Laat u volgende
SPORTSBAADJIE,
GRYSBROEK
of PAK KLERE maak
by u eie winkel se Snyersafdeling:
JAC. J. DU TOIT EN KIE.
ingelyf by
DIE EIKESTADWINKEL
(EDMS.) BPK.

# DIE Matie

STELLENBOSSE STUDENTEKOERANT. ORGAAN VAN A.N.S.-TAK.

WELKOM TERUG!

BESTE DIENS

H. VILJOEN

PLEIN STRAAT

UNIVERSITEITSBIBLIOTEEK
UNIVERSITY OF STELLENBOSCH
21 MAR 1949
UNIVERSITY LIBRARY.

DEEL I. No. 4. VRYDAG, 15 MAART 1946. Prys 1d.

# Stellenbosch Behoort Te Antwoord

## *Ongegronde Bewerings i.v.m. Verwelkoming Van Eerstejaars*

**Gevoelens het gedurende die afgelope week gedreig om by rukke hoog te loop onder ons studentegeledere. Terwyl nuwelinge en seniors op gepaste wyse die veertiendaagse „verwelkoming" afgesluit het, en daar wedersyds tevredenheid uitgespreek is met die vlotte verloop van sake, het daar skielik 'n storm oor die platteland losgebars i.v.m. die s.g. „wrede behandeling" van eerstejaar-studente. Talle briewe, wat daagliks in die dagbladpers verskyn, versterk die indruk by die algemene publiek dat daar iewers 'n skroef los is, en die naam en eer, nie alleen van die Universiteit as sulks nie, maar van elke Matie, ly skade.**

Studente is dit eens dat daadwerklik opgetree moet word. Daar word gevoel dat dit 'n noodsaaklike vereiste is dat die Universiteitsowerhede die saak in die reine behoort te bring deur middel van verklarings in dieselfde dagbladpers waarvan die ontstelde ouers gebruik maak om die gemoedere op te sweep.

**„Dit is juis onder sulke omstandighede soos hierdie dat 'n V.S.R., belas met behoorlike statutêre en verteenwoordigende magte, so bitter nodig is, maar ongelukkig beteken hulle menings tans in dié verband blykbaar net so min as die floue pogings van 'n aantal studente wat probeer om ook met briewe in die dagbladpers die saak te probeer red", het 'n sesdejaarstudent aan 'n verteenwoordiger van „Die Matie" verklaar. „Het ons dan geen sê meer oor onsself nie?"**

Vir diegene wat vanjaar deelgeneem het aan die „verwelkoming", is dit oorbodig om op die blote omstandighede, waaronder dit vanjaar plaasgevind het, in te gaan. Die ouere inwoners op Stellenbosch, wat bekend is met die feite i.v.m. die oorspronklike DOOP soos dit vyf of ses jaar gelede nog bestaan het, verklaar trouens dat hulle gedurende die afgelope paar jaar nie eens kon agterkom dat daar gedoop word nie.

Die verskillende huiskomitees kan gelukgewens word met die wyse waarop hulle hul van 'n baie moeilike en onbenydenswaardige taak gekwyt het. Eerstejaars wat deur 'n verteenwoordiger van „Die Matie" genader is, verklaar almal dat hulle nooit so tuis sou gevoel het in Matieland as dit nie was vir die ferme dog vriendelike wyse waarop hulle as nuwe Maties ontvang is nie.

## HOU IN GEDAGTE!

**DIE STADSAAL STELLENBOSCH**
**op**
**23 MAART**
**8 n.m.**

**Die Kommandant-Generaal van die Ossewabrandwag, dr. J. F. J. van Rensburg, behandel belangrike naoorlogse vraagstukke.**

**Onthou:**
**Saterdagaand, 23 Maart**
**8 n.m.!**

Vanwaar dan die bewerings wat in sovele briewe van „onrustige ouers" in die dagbladpers die senior-studente — („wat nie die respek van 'n groot deel van die bevolking het nie!") — teen die hoof geslinger word? Dit berus ongetwyfeld op niks anders nie as blote oordrywing van die werklike feite.

Ouers wat jare gelede, toe daar nog 'n sekere mate van onbeheerde DOOP of ONTGROENING, soos dit

(Vervolg op bls. 4, kol. 3)

**LET WEL!**

**WAAR WAS U VERLEDE SATERDAGAAND?**

**Sien Inleidingsartikel Bls. 2**

## Gaan U Vanaand Na Coetzenburg?

**VANAAND: P.S.O.-Vrugtefees!**
**Indien u nie reeds geskiet het nie, kan u nog altyd vandag u kaartjie by Mnr. KAN SADIE, Bosmanstraat, gaan afhaal.**

## DIE V.S.R. VIR 1946

| | | |
|---|---|---|
| 1. | Danie Moolman | 654 |
| 2. | Oosie Oosthuyzen | 648 |
| 3. | Koekjan de Villiers | 642 |
| 4. | Willem Rennhackkamp | 637 |
| 5. | Berthold Pauw | 612 |
| 6. | Jaap Weideman | 597 |
| 7. | Elma Gerdener | 596 |
| 8. | Jan Horn | 550 |
| 9. | Jean du Plessis | 544 |
| 10. | Ena Rust | 520 |
| 11. | Rykie v. Schalkwyk | 519 |
| 12. | Daan Swiegers | 510 |
| 13. | Luther van As | 496 |
| 14. | Jan Burger | 485 |
| 15. | Chris Botha | 464 |
| 16. | Isobelle Murray | 458 |
| 17. | Jan de Villiers (Wilgenhof) | 445 |
| 18. | Kan Sadie | 438 |
| 19. | Gerjo v. d. Merwe | 394 |
| 20. | Hennie Marais | 389 |

**Die persentasie studente wat gestem het is bereken op 53.8 pst. Daar was 65 bedorwe stembriefies.**

# Conservatorium Se Bydrae Tot Roem Van Die Volksuniversiteit

## Skitterende Prestasies Van Studente Kan Met Beste in S. Afrika Meeding

**Onafskeidelik verbonde aan die naam en tradisie van ons Universiteit, en sonder weerga in Suid-Afrika, staan die Conservatorium vir Musiek vandag as monument ter ere van hulle wat op hul eie gebied so'n skitterende en blywende bydrae gelewer het tot die vorming van Stellenbosch as volksuniversiteit.**

Soos tans oral in die fakulteite en departemente die geval is, ondervind die Conservatorium 'n ongekende bloeiperiode, en dit sal voorwaar die kroon sit op onselfsugtige arbeid van prof. M. Fismer en haar personeel, en hul voorgangers, wanneer daar, weens steeds stygende getalle, eerlang voorsiening gemaak sal moet word vir 'n mees moderne en ruime Conservatorium vir Musiek.

Een-en-veertig jaar gelede het die drie musiekskole, wat toentertyd op Stellenbosch bestaan het, saamgesmelt en die Conservatorium vir Musiek, onder leiding van wyle prof. Jannasch, prof. Hans Endler en mej. Nancy de Villiers (tans mev. Lategan) het die lig gesien. In daardie jare was daar slegs 'n handjievol leerlinge wat onder die bekwame leiding van die twee leermeesters en die talentvolle mej. De Villiers hulle bekwaam het vir 'n lewenstaak.

Die getalle het egter steeds toegeneem namate meer roem en bekendheid verwerf is.

Prof. Endler, wat in 1903 spesiaal uit Oostenryk oorgekom het om sy eie musiekskool op te rig, het hom hart en siel beywer om die prestige van die inrigting hoog te hou, en dit was veral na die dood van prof. Jannasch en die vertrek van mej. De Villiers dat hy, reeds op gevorderde leeftyd, gesorg het dat die roem bly voortbestaan.

(Vervolg op bls. 4, kol. 2)

*Besoek DIE UITSPAN*
**Waar die atmosfeer rustig is, die bediening beleefd en flink, die spyse — vanaf 'n koppie koffie tot 'n volledige maaltyd — smaakvol aantreklik en goedkoop**
*DIE UITSPAN is 'n besoek werd!*

# „DIE MATIE"

*Alle Korrespondënsie aan:*
*G. J. ROUX,*
*p/a Dr. Hoge,*
*Rowanstraat, Stellenbosch.*

VRYDAG, 15 MAART 1946.


## Inderdaad Op Pad Kafferland-toe?

**Ons weet dat wat ons hier aan die adres van ons mede-studente gaan rig, weereens deur sommige as hoogs-ontplofbaar, en deur baie — en by name diegene vir wie die skoen pas — as 'n onwenslike „wasgoed-wassery" in die openbaar, beskou sal word. Maar het dit dan nie waaragtig meer as hoog tyd geword nie dat ons meer bekommerd moet wees oor die „skoonmaak" van wat „onsindelik" en „vuil" is as sodanig as oor die kwessie of dit in die publiek sal geskied dan of dit op enige ander (heimlike of bedekte?) wyse moet plaasvind? Die feit bly staan dat die hoogs noodsaaklike „reiniging" nooit plaasvind nie. Maar dit nie alleen nie: die „vuile" of „onsuiwere" wat ons aankleef t.o.v. ons houding en gedrag teenoor dit wat ons Afrikanernasie die naaste aan die hart behoort te lê, nl. ons kultuurgoedere en -waardes, dié neem op 'n onrusbarende skaal feitlik by die dag toe — en dit hier aan ons veelgeprese en veelgenoemde Volksuniversiteit.**

Die onmiddellike aanleiding — van die talryke wat daar helaas gedurig voorkom — tot hierdie stem wat ál so dikwels tevergeefs geroep het in die woestyn waar die betrokke skare van kultuurlose Filistyne ronddool, is die skandalige swak bywoning van die opvoering deur die K.A.T. van een van ons mees uitstaande en bekende dramaturge se blyspele: *Die Stille Haard,* in die Conservatoriumsaal verlede Saterdagaand. En, let wel, dit het geskied ter stywing van die fonds wat deur die onvermoeide pogings van die Vroue-Vereniging van ons Universiteit daargestel is vir lenings aan dié wat verdienstelik onder ons is. (Terloops, weet u enigsins iets van hierdie vroue af en van wat hulle reeds in ons belang totstand gebring het?)

Kan dit verstaan of verskoon word dat daar uit die byna 2½ duisend studente seker nie veel meer as 25 teenwoordig was nie? Is daar nie eens 'n *paar honderd* wat werklik ernstig oor hierdie saak voel en nadink nie? Waar is ten minste al ons sg. leidende studente in die verskillende studente-liggame, -organisasies en -verenigings, veral dié wat veronderstel is om 'n eg-Afrikaanse stempel te dra? Waar was die persone wat so graag, as dit hulle pas, aan die wêreld *verkondig* dat hulle hulle in die volksbelange van die Afrikanerstudent en die Afrikanerdom in die algemeen beywer? (Die een uitsondering wat ons in die bepaalde verband moontlik kan noem, is die Kweekskoolstudente).

Dié wat geen aanleg of belangstelling in die rigting van ons kultuureie het nie, kan dit minstens as hul plig beskou om 'n deeltjie by te dra om dit te help bevorder waar 'n goeie geleentheid sig voordoen, te meer waar dit terselfdertyd gaan om 'n grootse poging om fondse vir 'n uiters belangrike en noodsaaklike doel in te samel.

Voorts ook net dit: Wat moes in Regter Fagan se gedagtes omgegaan het onderwyl hy daar in die saal gesit het? In hoeverre is hy deur ons aangemoedig om met sy talent voort te woeker? Welke indruk moes hy van die Stellenboschse student gekry het?

Baie van u sal òf verergd òf net skouerophalend sê: „Dis weer 'n prekery." Die aktuele kwessie is egter: In hoeverre is daar rede voor, in hoeverre is ons werklik op pad na Kafferland? (Of as u meen die hoof hierbo is swak gekies, sal ons dit so stel: In hoeverre is die enigste pad vir ons dié wat na Hollywood loop?)

## *BLANK EN NIE-BLANK . . .*

In 1936 was daar 2,003,857 blankes teenoor 7,586,041 nie-blankes in die Unie. Volgens berekening, gebaseer op die natuurlike vermeerderingsyfer in die verlede, sal die getalle in 1975 wees: ongeveer 2,750,000 blankes teenoor ongeveer 14,000,000 nie-blankes. Die verhouding sal dus verander van 1 : 3.3 in 1936 tot 1 : 5 in 1975.

Syfers spreek......

## *VIR IMMIGRASIE . . .*

Prof. Schumann het verlede Donderdagaand drie vereistes gestel wat streng toegepas moet word by immigrasie in die Unie:

(a) Immigrasie moet baie goed gekontroleer word.

(b) Hoofsaaklik kinders moet immigreer (veral nou na die oorlog is daar goeie kans).

(c) In die geval van volwassenes moet tweetaligheid binne twee of drie jaar as absolute vereiste gestel word.

# SPYT KOM TE LAAT!

*Deur Prof. Dr. J. A. Wiid.*

**Gedurende die afgelope week is die gapende kloof tussen die bondgenote van gister met versnelde tempo dieper en breër gegrawe. Berigte uit alle wêrelddele is voorwaar baie somber. Hiervolgens het Moskou besluit om sy troepe in Noord-Iran aan te hou ook ná die datum waartoe tussen die Drie Grotes ooreengekom is; in Oos-Duitsland is Moskou besig om 'n Kommunistiese diktatuur te vestig; teenoor Triëst word Suid-Slawiese troepe wat deur Moskou beheer word, saamgetrek; op Turkye oefen Moskou groot druk uit waarby o.m. die Dardanelle genoem word; uit die Verre Ooste word Amerikaans-Russiese militêre insidente sowel as die beskuldiging van Russiese plundering in Mantsjoerye openbaar gemaak; oor Russiese spioenasie in Angel-Saksiese lande word allerlei sensasionele berigte die wêreld ingestuur. Hierdie sombere beeld van wantroue en agterdog tussen die „wapenbroeders" van gister word aakliger gemaak deur heftige Moskouse aanvalle op Brittanje, 'n nuwe Amerikaanse beleid „plus 'n bietjie ekstra krag en openhartigheid" teenoor Moskou en eindelik 'n paar opsienbarende toesprake van Churchill in die V.S.A.**

Daar is nog mense wat in die gewese Britse premier 'n soort van „alwyse staatsman" sien wat sy land deur die grootste krisis in sy geskiedenis geloods het. Vir andere is Churchill nog die opportunis van veertig jaar gelede toe hy om party-politieke redes die Chinese arbeid op die Witwatersrand uitgebuit het en meteens minder kapitalisties en meer humanitêr as die geesverwante Konserwatiewe vriende geposeer het. Hulle is gereed om Churchill se oorlogsverdienstelikheid te erken, maar hulle kwalifiseer dit met die bewering dat die Britse premier in die donker jaar 1940 reeds in die geheim verseker was dat die V.S.A. en waarskynlik ook Rusland sy bondgenote in die volgende jaar sou wees.

### CHURCHILL EN DIE RUSLAND VAN DIE OORLOGSJARE

Teenoor Rusland van die oorlogsjare het premier Churchill 'n gans ander taal gepraat as teenoor die Rusland van vóór en ná die laaste Wêreldoorlog. Dit sal nog onthou word hoe hy meermale besoek aan Moskou afgelê het, hoe hy saam met Stalin dikwels glasies geklink het en altyd van dankbaarheid, vleitaal en hoflikheidsbetuigings teenoor die Russiese bondgenoot oorgeloop het. Nog verlede jaar het hy na afloop van die Krim-konferensie hom in die Britse Laerhuis as volg oor die Russe uitgelaat: „Die indruk wat ek van die Krim en van al my ander kontakte teruggebring het, is dat maarskalk Stalin en die Sowjetleiers in eerbare vriendskap en gelykheid met die Westerse demokrasieë wil lewe. Ek voel ook dat hulle manne van hul woord is. Ek weet van geen regering wat sy verpligtings, selfs tot sy eie skade, meer solied nakom as die Sowjet-regering nie. Ek weier volstrek om 'n bespreking van die Russiese goeie trou te begin. Dit is heeltemal duidelik dat hierdie sake die hele toekoms van die wêreld raak." Aldus premier Churchill oor sy Russiese bondgenoot toe die Duits-Japanse vyande nog nie finaal verslaan was nie en tenspyte van alles wat hy voor die oorlog oor die Bolsjewistiese Rusland geskryf en gesê het.

### RUSLAND VAN VANDAG

Teenoor Moskou praat die gewese Britse premier vandag 'n gans ander taal as gedurende die oorlog. Met verwysing na die Russiese druk op Turkye en die kommunisering van die Russiese besettingsgebied in Duitsland het hy gesê: „Tot watter gevolgtrekking 'n mens ook kan geraak op grond van hierdie feite — en dit is feite — is dit sekerlik nie die bevryde Europa wat ons geveg het om op te bou nie. Behalwe in die Britse Statebond en die Verenigde State, waar die kommunisme nog in sy kinderskoene is, *maak Kommunistiese Partye of vyfde kolonnes 'n toenemende uitdaging en gevaar vir die Christelike beskawing uit.*" Op 'n ander plek sê hy: „Ek glo nie dat Rusland oorlog begeer nie. Wat hy begeer, *is oorlogsbuit en onbepaalde uitbreiding van sy mag en leerstellings.*"

Volgens hierdie paar grepies uit

(Vervolg op bls. 5, kol. 1)


BESOEK —

**SUIKERBOSSIE MELKSALON**

en kom geniet julle ledige uurtjies in ons

**BILJARTSALON**

**Die Plaza**

Foon 0013

VRYDAG en SATERDAG
15 en 16 MAART
MATINEE SATERDAG

**THE UNINVITED**

RAY MILLAND
RUTH HUSSEY

**22 MAART**
Rekreasiesaal
STELLENBOSCH
om 8.15 n.m.

'N MISTERIEUSE MOORD!

Die Skuldige Glimlag . . .

MAAR DIE

**GEREG VERGEET NOOIT**

Opgevoer deur die

HANEKOM-TONEELGESELSKAP

TOEGANG:
Bespreek 4/-, Onbespreek 3/-.
Studente:
Bespreek 3/-, Onbespreek 1/9.
(Belasting ingesluit)

Bespreek by:
C.S.V.-BOEKHANDEL



Laat ons al u
VERTAAL-, AFROL- en TIKWERK
NET en AKKURAAT
doen.

VERTAAL-BURO
Dorpstraat — Asook Birdstraat 13.

# Rook Springbok-Sigarette

# HULLE SAL HELP OM DIE MOEDERAARDE TE BEHOU

## BESONDERHEDE OOR KURSUS TANS IN EROSIEBESTRYDING AANGEBIED

**„Grondbewaring is tans belangriker as ooit tevore in Suid-Afrika, maar die moeilikheid in hierdie land is dat al die feite en gegewens in verband met grondbewaring bekend is, maar dat daar nie van die gegewens in 'n nasionale plan gebruik gemaak word nie". Aldus die bekende Amerikaanse erosie-deskundige, dr. Hugh Bennett, toe hy hom verlede week, volgens in die dagbladpers berig word, in 'n onderhoud in Washington oor Suid-Afrika se kern-probleem uitgelaat het.**

Daar moet erken word dat daar te lank gesloer is. Suid-Afrika het egter ontwaak tot 'n besef van die gevare wat gronderosie inhou, en weereens kon ook ons eie universiteit soos telkemale in die verlede, op die voorpunt staan met die praktiese uitvoering van die stappe wat nodig is om die stryd aan te pak.

Tot hierdie graadkursus kan toegelaat word kandidate wat die Matrikulasie-sertifikaat of 'n daarmee gelykstaande sertifikaat verwerf het of vrystelling van die Matrikulasie-eksamen verkry het, en mits hulle in Matrikulasie- of Seniorsertifikaat-Wiskunde geslaag het.

EERSTE JAAR: Plantkunde I; Chemie I; Fisika I; Geologie I; Klimatologie.

TWEEDE JAAR: Akkerbou I; Landbouchemie I; Organiese Chemie IIB; Landbouingenieurswese I; Algemene Bewaring; Grondbeginsels van

(Vervolg op bls. 5, kol. 4)


## O.B.-Inskrywings

*Klop u Afrikanerhart warm?*

*Is u Volksbewus?*

*Voel u ook dat die Partystelsel uitgedien is?*

**Wil u uself omgord in die stryd teen Kommunisme en alles wat volksvreemd is?**

**Sluit dan aan by**

*Die Gedissiplineerde Afrikanerdom*

## Die Ossewabrandwag

Handig u name in òf by die ondergenoemde persone, òf by ondergetekende, òf by enige offisier wat u om lidmaatskap mag nader:

**Mej. Ria Bruwer: Huis-ten-Bosch.**
**Mej. Trixie Holl: Harmonie.**
**Mnr. J. W. Bell: Spes Bona, Dorpstraat.**
**Mnr. A. J. de Villiers: Protea, Croziertsraat.**
**Mnr. Hennie Marais: Dagbreek.**

P. J. COERTZE,
Kommandant.


Die verskaffing van tegnies opgeleide personeel is die eerste stap ten einde die grootse taak aan te pak. Die universiteite van Stellenbosch en Pretoria bied vanjaar vierjarige kursusse vir die doel aan in grond-, water- en veldbewaring, wat lei tot die B.Sc.-graad in Landbou. Die kursus is veel-omvattend en sonder twyfel baie deeglik ingestel en behoort die nodige agtergrond aan die toekomstige „baanbrekers" in die stryd om die behoud van die moederaarde, te verskaf.

Vanjaar is daar reeds studente wat die kursus op Stellenbosch volg.

**„Die Matie" word gedruk deur Pro Ecclesia-Drukkery (Edms.) Bpk., Stellenbosch, vir die eienaars en uitgewers, Wapenskou (Edms.) Bpk., Pleinstraat, Stellenbosch.**

## 'n Medisyn vir die Gees

Van die vroegste tye af het die mens die waarde van biblioteke begryp en reeds baie eeue v.C. het die Egiptiese en Assiriese koninge groot biblioteke in hul paleise en tempels aangelê. Deur al die eeue heen het die besef van die betekenis van biblioteke vir die volk nie afgeneem nie maar inteendeel sterk aangegroei. Reeds drie eeue v.C. het Alexandrië twee groot biblioteke besit, een met 'n versameling van omtrent 500,000 rolle, en vandag is enkele van die grootstes seker die van Parys, Leningrad, Londen en Washington, elkeen met 'n versameling van sowat vier miljoen boekdele.

Die Griekse geskiedskrywer Diodorus, uit die eerste eeu n.C., het as opskrif bo 'n biblioteek laat plaas, „'n Medisyn vir die Gees," en om nog maar een te noem, ook Martin Luther was 'n groot yweraar vir die oprigting van biblioteke, en op sy aandrang het baie Duitse stede biblioteke aangelê.

Maar ook ons betreklik klein Universiteitsbiblioteek is 'n voorraadkamer van onskatbare waarde vir elke ware student; dis 'n onuitputlike bron van kennis en hulp vir dié wat dit verstaan om die regte gebruik daarvan te maak. Dit is vir elke student meer as die moeite werd om dit gereeld te besoek en met die literatuur, veral die wat op sy vakke betrekking het, van naby kennis te maak.

Die boekery van die Biblioteek is gedurende 'n lang reeks van jare met baie sorg opgebou en volgens deskundiges vergelyk dit baie gunstig met ander universiteitsbiblioteke in Suid-Afrika. Dit bevat reeds byna 100,000 boekdele en daar word op 845 wetenskaplike tydskrifte ingeteken. Nog 195 word as ruilnommers of gratis ontvang.

## A.N.S.-Taksraad 1946

Op 'n A.N.S.-vergadering verlede Dinsdagaand is die benoeming van mnr. Hennie Marais (Dagbreek 1/16) as Taksleier van die A.N.S. bekragtig. Die volgende persone is gekies om op die A.N.S.-Taksraad vir 1946 te dien:

**Mejj. Antoinette Lombard (Huis-de-Villiers), Ria Bruwer (Huis-ten-Bosch) en Trixie Holl (Harmonie), mnre. Evert Potgieter (p/a mev. Scheepers, Victoriaweg), J. W. Bell (Spes Bona, no. 4, Dorpstraat), Johann Basson (Die Laan).**

**Inskrywings kan nog steeds by enige Raadslid ingehandig word. U kan ook die Raadslede nader in verband met enige sakie wat u graag wil oplos op die gebied van die A.N.S.**

## Die Debatsvrugtefees

Verlede Vrydagaand het die Debatsvereniging sy feestelikhede voortgesit met sy vrugtefees op Coetzenburg. Sowat 'n 150 mense was teenwoordig. Die reëlings het heeltemal vlot afgeloop en interessante nommers is gelewer, soos twee sangnommers deur mej. G. van Rooyen, piano accordeon deur mnr. Verdoorn en vioolsolo's deur mnr. Eugene Pretorius.

Bertie Heyns het probeer verduidelik dat hy (menende homself) „hasn't got the brains of a donkey" waarop mnr. Danie Moolman — sy troue vriend — laat volg het: „You have got the brains of a donkey."

Mnr. Gerjo van der Merwe, oud-voorsitter van die vereniging, het 'n baie toepaslike toespraak gelewer en daarop gewys dat daar drie dinge is waarna 'n student behoort te strewe, nl. 'n helder insig, 'n gebalanseerde houding of ewewigtigheid en algehele oorgawe aan jou werk. Hy het daarop gewys dat die Debatsvereniging aan aldrie hierdie strewes die geleentheid tot ontwikkeling bied en het 'n beroep op die vrugtefeesgangers gedoen om ook lede van die vereniging te word.

Mnr. Dawid van der Merwe, ook 'n oud-voorsitter, het ook 'n beroep gedoen op die feesgangers om hul gewig by die vereniging in te gooi en het hul verseker dat hulle nie teleurgesteld sal wees nie.


Vir
LEWENSASSURANSIE
Raadpleeg
W. S. MALHERBE

# SANLAM

Kantoor: Birdstraat 13, Foon 486.
Huis: De Waalstraat. Foon 222.
STELLENBOSCH.

## LESSE

word gegee in die

## HUISKUNSSKOOL

Ryneveldstraat 10 — Stellenbosch
(Langs Pro Ecclesia-Boekhandel)
deur
Mev. SARAH DU TOIT
(S. DE LA GUERRE)
in die volgende vakke:

Skilderkuns, in Olieverf Pastel, Waterverf, Ink- en Potlood-tekeninge, teen £2-2-0 per Kwartaal.

Leerwerk, Koekversiering, Blommemakery, Uitbrandwerk („Poker"), Reliëf, Goudsjabloonwerk („Stencilling"), Silkaverf, Pêrelverfwerk, Pistonella-werk, Waskunswerk, Tinwerk („Pewter") Goudbrokadewerk, Sellulosekoekbedekkings („Celluloid Cake Covers"), Papierpotter, Javaanse-kuns in Batikwerk, „Plusette" en „Creyola"-werk.

**Teen £1-10-0 per Vak per Kwartaal**

Leerwerk en Koekversiering is £1-10-0 per Kwartaal of £3 vir die hele Kursus.

As meer as een Vak geneem word, is dit £1-5-0 per Vak. Dubbele Lesse word ook gegee aan Persone wat gouer wil klaarmaak.

BESTELLINGS KAN OOK GEPLAAS WORD VIR SKILDERYE.

**Foon 94**
**Santy se Bottelstoor**

*En probeer ons groot verskeidenheid Soetwyne en keurige Aptyt-drankies.*

# Het U Al Ons Kuns- en Musiekboeke Deurgekyk?

Die Nuutste Amerikaanse en Engelse Boeke in Voorraad. Besendings Kom Elke Week Aan.

**PRO ECCLESIA-BOEKHANDEL**

Tel. 18 PLEINSTRAAT, STELLENBOSCH Posbus 29

# R. W. VAN RIJN

**BRILMAKER**

**Bring u oogarts se voorskrif na my. Groot verskeidenheid in die modernste Brilrame, asook raamlose modelle. Spesiale afslag vir studente.**



5DE VERDIEPING — GROOTE KERKGEBOU — KAAPSTAD

(Vervolg van bls. 1, kol. 4)

## DIE UNIVERSITEIT NEEM OOR

Tien jaar gelede het die Universiteit besluit om die „Conserve", soos dit toe reeds oor die hele land bekend gestaan het, oor te neem. Mev. M. Fismer, hoof van haar eie musiekskool op Robertson, was die aangewese persoon om die grootse taak op te neem en sy is 'n paar jaar later as hoof aangestel. So baie het haar leerlinge van hierdie dame en haar werk gedink, dat hulle haar almal na Stellenbosch vergesel het.

Prof. Fismer het dadelik aan die werk gespring en tans kan oor die lengte en breedte van Suid-Afrika die produkte van haar meesterskap en talentvolle onderwysing nagespoor word. Baie van haar uitstaande kandidate vir die Lisensiaat-klaviereksamens het reeds meegeding om oorsese beurse en verlede jaar het een van haar leerlinge, mnr. Hennie Joubert, so 'n beurs verower.

Ook in ander vertakkinge van die toonkuns het leerlinge, wat aan die Conservatorium studeer het, roem ingeoes. In 1941 is aan mej. Virginia Shankel 'n oorsese beurs toegeken vir viool. Mej. Shankel was een van mej. Ivy Angove se leerlinge.

In 1944 het mej. Tilla Visser, 'n leerlinge van mnr. John Andrews, 'n oorsese beurs verwerf. Dit is dan ook nie slegs in die afdeling klavier waar daar reeds etlike leerlinge van jaar tot jaar om oorsese beurse meeding nie, en dit sou inderdaad kolomme vul wanneer daar gepoog word om 'n volledige lys van al hierdie dames en here, wat soveel roem vir hul Alma Mater met hulle talente ingeoes het, op te stel.

### BEURSWENNERS

Dit is miskien voldoende bewys van die sukses wat daar rus op die werk van Prof. Fismer en haar personeel, om die name van diegene, wat vanjaar die hoogste onderskeidings te beurt geval het, te noem:

*Mnr. Hennie Joubert:* Aan hom is toegeken die £100-stipendium van die Universiteit van Stellenbosch. Uit die aansienlike bedrag, wat toegestaan is, kan afgelei word welke hoë standaard mnr. Joubert in sy werk handhaaf.

*Mej. June Strauss:* Nadat sy slegs drie jaar aan die Conservatorium studeer het, het mej. Strauss vanjaar die vyfde beurs, wat aan haar toegeken is, ontvang. Dit is naamlik een van die beurse wat aan vierdeen vyfdejaarstudente toegeken word. Mej. Strauss het verlede jaar ook meegeding om die oorsese beurs.

### BESONDERE ONDERSKEIDING VIR MEJ. SARAH MULLER

Een van die hoogste onderskeidings wat tot dusver 'n leerling te beurt geval het, is die toekenning van die Barrow-Dowling-studiebeurs (orrel) aan mej. Sarah Muller. Mej. Muller, wat hierdie beurs gesamentlik verwerf het met 'n Kaapstadse student, moes volgens neergelegde spesifikasies, op die orrel van die St. George Katedraal, in Kaapstad, optree.

Hierbenewens het mej. Muller twee beurse van die Universiteit van Suid-Afrika ontvang, nl. vir Intermediêre en die tweede vir haar finale eksamen in orrel. Aan haar is ook 'n beurs deur die Universiteit van Stellenbosch toegeken vir die graad B.Mus.

'n Toekenning van £30 is gemaak aan 'n eerstejaarstudent, mnr. Johan Lubbe, vir verdienstelike en konsensieuse werk gelewer verlede jaar. Ander beurse is verwerf deur mej. Abie van der Merwe en mnr. Richard Behrens.

## *UIT DIE KWEEKSKOOL*

## *Kandidate Presteer*

### *HOË LOF VAN PROFESSOR*

By die onlangse aankondiging van die uitslae van die Kandidaats-eksamen (die mees gevreesde eksamen in die Kweekskool, aan die einde van die derde-jaar) en die uitreiking van die sertifikate, het prof. dr. B. B. Keet met hoë lof gepraat van die eksaminandi. Hy het gesê dat hoewel daar 'n klein getal was wat hulself onderskei het — in die sin dat hulle cum laude geslaag het — die klas se gemiddelde prestasie baie bevredigend was en baie gunstig vergelyk het met vroeëre jare. Hy het daarop oorgegaan tot die uitreiking van die sertifikate, en aan vier kandidate was die cum laude verleen. Die gemiddelde persentasie van die hele klas was 58% en slegs twee kandidate uit die 29 se gemiddelde was onder 50%.

### *CUM LAUDE*

Die vier kandidate wat cum laude geslaag het is mnre. Charl C. Colijn, Heinrich F. Heymann, Jan A. Hurter en Jan L. de Villiers.

### *OU BEKENDE OP DIE KATEDER*

*Kapt. Edwin Orr, M.A., B.D. Th.D.,* veldprediker in die V.S.A.-lugmag, en die skrywer van 'n sestal teologiese boeke, het Dinsdagoggend die Kweekskool besoek. Hy het vir 'n paar dae by Kaapstad aangedoen op reis van die Verre Ooste na Engeland waar hy sy studies in die kerkgeskiedenis gaan voortsit.

### *PRIMARIUS PREEK*

*Mnr. Jaap A. C. Weideman,* die Primarius van die Kweekskool, lewer Sondagnamiddag om 4.15 sy proefpreek in die Moederkerk. As sy paranimfe tree op mnre. Zachie B. Badenhorst, David F. van der Merwe en Piet Visser.

### *POL-VERGADERING*

*Ds. A. J. Pienaar,* sendingsekretaris van die Transvaalse Kerk, het gistraand by geleentheid van die openingsvergadering van Polumnia die studente toegespreek oor *Evangelisasie.* Aan die einde van die vergadering is die spreker op pittige wyse bedank deur *mnr. Jacobs* vir die besielende wyse waarop hy so 'n aktuele onderwerp behandel het.

### *ELEKSIEBERIG*

Vyf teologiese studente is tot die V.S.R. verkies: *Danie T. du P. Moolman, M. Luther van As, Berthold A. Pauw, Jan L. de Villiers* en *Jaap A. C. Weidemann.*

HENDRIKSZ
die slagter, spesialiseer in
WORS en VLEIS
vir
BRAAIVLEISAANDE.
Andringastraat, Stellenbosch.

Alfred Blommaert
(Foon 48 en 176)
Kerkstraat,
STELLENBOSCH.
KRUIDENIERSWARE
- - YSTERWARE - -
- - PRODUKTE - -
Die Winkel vir billike en spoedige bediening.

## DIE VERWELKOMING VAN NUWELINGE

(Vervolg van bls .2, kol. 2)

ook genoem is, op Stellenbosch bestaan het, hier studeer het, gebruik nou voorbeelde wat sonder die minste twyfel uit hul eie studentejare dateer, om die senior-studente van vandag swart te smeer. Bes moontlik was daardie „verontwaardigde ouers" self verantwoordelik vir die s.g. „wandade" van destyds.

Daar kan natuurlik geen kommentaar gelewer word op die besluit van die dagbladpers om soveel publisiteit aan die saak te verleen nie. Dit mag miskien heeltemal goeie gevolge meebring in soverre hierdie geskilpunt eens en vir altyd besleg mag word.

Wanneer egter bewerings soos die volgende gemaak word (L.W.: met betrekking tot verwelkoming van eerstejaars gedurende Februarie 1946) dan moet die Universiteit, en so nie, die studentemassa, hul stem laat hoor:

„Die ontgroeningseremonie is 'n euwel wat baie studente swakker werk laat lewer. Dit belemmer hul gesonde ontwikkeling, strem hul gesondheid en ondermyn hul verantwoordelikheidsbesef . . ."

„Een seun wat in die eerste week 'n toets moes skrywe, het nooit 'n tydjie gekry om te werk of rustig en genoeg te slaap nie . . ."

„Hoe kan dames wat rook en vir hulle rooibont verf, nou 'n mens van iemand anders maak? . . ."

„Die doopkomitees is meestal te jonk, te skraal bedeel met wysheid en te onervare om te waak vir die gesondheid van ons kinders . . ."

„Hoe kan dit anders as 'n kosbare maand verlore gaan met die ellendige dopery . . .", en so meer.

### WAT STUDENTE SÊ EN DINK

„Die Matie" het verskeie studente, eerste-, tweede- en derdejaars, sowel as meer gevorderde studente wat die ou „ontgroening" deurgemaak het, gepols omtrent die saak, en almal was dit daarmee eens dat dit nie toegelaat word dat die algemene publiek die prooi word van sulke wanbegrippe nie.

**Die verwelkoming van die eerstejaars is reeds vir hulle sowel as die seniors, met wie hulle nou verder rustig kan saamlewe, iets van die verlede, maar die toekoms baar sorg.**

Die wesenlike, interne organisasie en struktuur van ons studentelewe staan gevaar om aangetas te word. Stellenbosch mag blykbaar nie meer sy invloed na buite laat geld nie: dit moet nou die invloed van buite wees wat sal bepaal hoe 'n Matie hom hier moet gedra!

G. E. HENDRIKSZ
se viswinkel vir
VARS GEBAKTE VIS,
AARTAPPELREPIES,
SOUTVIS en KIPPERS.

*WEET U?*

**U weet seker hoe swaar dit soms is om geldjies te kry vir die ditjies en datjies?**

Sorg dat u toekoms nie, ná 'n suksesvolle Universiteitsloopbaan, deur gebrek aan geldelike vermoë belemmer word nie. Jong professionele manne en vroue weet dat hulle sal miskien lank moet wag voordat hulle 'n winsgewende betrekking sal kan opbou. Dokters of prokureurs moet 'n praktyk of vennootskap koop. Die maklikste en beste manier om u planne te bewerkstellig is om nou te spaar en u besparings in UNIE-LENINGSERTIFIKATE te belê.

**Koop hulle deur middel van Negepennie Spaarseëls, of vir kontant, by enige Poskantoor.**

KOTZE
VAN KAAPSTAD
●
Maak Klere
Vir Kêrels
Wat Traak.
●
ADDERLEYSTRAAT 134

*ONS ROEP*
*alle studente 'n hartlike welkom op Stellenbosch toe en nooi u uit om u te kom tuismaak in*
DIE C.S.V.-BOEKHANDEL
*PLEINSTRAAT*
*STELLENBOSCH*

Gestig 1850
Foon 24
APTEKERS
JOERNING EN SEUN
(EIENS.) BPK.,
Hoek van
Bird- en Pleinstraat,
STELLENBOSCH

SO PAS ONTVANG —
Die Beroemde
MENTMORE
VULPENNE
Mentmore Diploma . . . . 12/6
Mentmore Auto-Flow . . . 17/6
COLUMBIA CHROMIUM
en die bekende
„IM"
GRAMMOFOONNAALDE
Max Jurisch:
Natural Sines and Cosines
R. MÜLLER
MUSIEKHANDEL
Pleinstraat, STELLENBOSCH

# Onder Onsies

*Mej. Truda Roux*, van Harmonie, het onlangs saam met 'n klomp maats haar mondigwording gevier.

* * *

Teen die einde van die eerste 14 dae van die kwartaal het meeste sotte reeds die „finale" doop ondergaan en is dus ingelyf as Maties. Hulle kan dus baie welkom geheet word.

* * *

Eerskomende naweek kry die studente van die Conservatorium vir Musiek hul lang naweek, waarna almal baie gretiglik uitsien.

* * *

*Dr. van Broekhuyzen*, bekende oud-Matie, vertoef tans op Stellenbosch. Hy was tot onlangs op Pretoria woonagtig en sal binnekort na die buiteland vertrek. Dit dien vermeld te word dat dr. Van Broekhuyzen 'n oud-eerstespan voetbalspeler is.

### BUITELANDSE OORSIG

(Vervolg van bls. 2, kol. 4)

die jongste redevoering van Churchill is dit duidelik dat hy nie alleen baie ernstige beskuldigings teen Sowjet-Rusland maak nie, maar dat hy in die toenemende Bolsjewisering van Europa 'n „uitdaging en gevaar vir die Christelike beskawing" sien. Dat hierdie gevaar aaklig aktueel is, sal niemand wat nie 'n kommunis is, ontken nie. 'n Britse Konserwatiewe tydskrif soos die *Review of World Affairs* van 31 Januarie l.l. loop dan ook oor daarvan. Nog Churchill, nog hierdie tydskrif egter is oorspronklik in hul „vrees vir die Christelike beskawing" nie. Reeds lank gelede het veral twee manne onophoudelik teen die Bolsjewistiese gevaar gewaarsku. Veel het hierdie twee manne ook opgeoffer om hierdie gevaar te keer. Gehelp deur Churchill en Roosevelt het die Bolsjewistiese Rusland daarin geslaag om nie alleen hierdie twee stryders en bolwerke teen die Kommunisme nie maar ook hul lande en nog veel meer te vernietig. Die name van hierdie twee manne is Adolf Hitler en Benito Mussolini.

As Churchill vandag soos 'n Pilatus van ouds sy hande in onskuld wil was, dan openbaar hy 'n geweldige minagting vir die menslike geheue en vir nugter-denkende mense. As Churchill vandag die Poolse regering daarvan beskuldig dat hy „geweldige en onregverdige inbreuk op Duitsland pleeg," dan weet elke mens wat nog nie sy geheue verloor het nie, dat dit juis die destydse Britse premier was wat groot Duitse gebiede aan Pole „toegestaan" het as vergoeding vir Oos-Pole wat deur die Russe ingepalm is. As Churchill verder vaagweg beweer dat hy dit alles sien kom en hardop geroep, maar niemand daarvan notisie geneem het nie en dat „daardie oorlog voorkom kon gewees het sonder om 'n enkele skoot te skiet, en Duitsland kon vandag sterk, voorspoedig en geëer gewees het, maar niemand wou luister nie en een vir een is ons almal in die verskriklikste draaikolk ingesuig," dan wonder 'n mens of hy ooit van Britse waarborge aan Pole, van Hitler se vredesaanbiedinge in 1939 en 1940 en van Rudolf Hess se sending na Engeland gehoor het.

Spyt en jammer is goeie dinge maar ongelukkig kom hulle dikwels te laat. Dit was glo ook die ondervinding van Pilatus. Maar Churchill sien nog in 'n hegte Amerikaans-Britse bondgenootskap hoop vir die toekoms. 'n Volgende keer meer oor so 'n ongelyke bondgenootskap en sy implikasies.

# MATIES KAN NIE VIR WORCESTER UITKRY NIE

Die Matie-krieketspan het Saterdag op Coetzenburg 'n gulde geleentheid om Worcester die loef af te steek en sodoende die kampioene van die W.P.-Platteland te word, verlore laat gaan. Nadat die Maties 173 lopies behaal het, was die orige tyd net te skraps om die besoekers van die baan te haal en teen uitskeityd moes drie paaltjies nog val, en dit nadat slegs 56 lopies op die telbord geplaas is.

Daar sou stellig 'n ander wending aan sake gekom het indien U.S. vroeër in hul beurt verklaar het, maar dit skyn of die Matie-aanval onderskat en die kolf-sterkte van die besoekers oorskat is.

Frank van der Merwe (U.S.) het weer besonder venyn in sy boulwerk aan die dag gelê, en hy was bepaald ongelukkig om slegs 3 paaltjies in te oes.

Die tellings was soos volg:

U. STELLENBOSCH

| | |
|---|---|
| Pfaff, b. Luyt | 7 |
| Turner, b.v.p. Myburgh | 17 |
| Van der Merwe, b. Myburgh | 1 |
| Mitchell, b. Myburgh | 2 |
| Malan, v. Humphrey, b. Luyt | 8 |
| Van der Westhuizen, b. Luyt | 2 |
| O. Rasher, b.v.p., b. Humphrey | 23 |
| J. Horn, b. Kirschbaum | 19 |
| Dr. Rabie, nie uit nie | 42 |
| C. Botha, st. Tennant, b. Humphrey | 31 |
| G. Verster, v. Wilson, b. Myburgh | 11 |
| Ekstras | 10 |
| Totaal | 173 |

Boulontleding: Humphrey 2 vir 36, Smuts 0 vir 3, Myburgh 4 vir 15, Kirschbaum 1 vir 22, dr. Luyt 3 vir 46, Roberts 0 vir 5, Wilson 0 vir 19, Van der Watt 0 vir 12.

WORCESTER

| | |
|---|---|
| C. Diner, v. Malan, b. dr. Rabie | 1 |
| Smuts, b. Van der Merwe | 2 |
| Tennant, b.v.p., b. dr. Rabie | 10 |
| Dr. J. Luyt, v. Malan, b. Van der Merwe | 5 |
| Kirschbaum, nie uit nie | 22 |
| Humphrey, b. Van der Merwe | 5 |
| J. van der Watt, v. dr. Rabie, b. Mitchell | 7 |
| Roberts, b. Mitchell | 0 |
| Viljoen, nie uit nie | 0 |
| Ekstras | 5 |
| Totaal (vir 7 paaltjies) | 56 |

Boulontleding: dr. Rabie 2 vir 18, Van der Merwe 3 vir 24, Mitchell 2 vir 2, Verster 0 vir 6.

## P.S.O.-KENNISGEWINGS

**Vrugtefees:**— Op Vrydag, 15 Maart om 8 nm. hou P.S.O. sy vrugtefees op Coetzenburg.

Slegs dubbelkaartjies @ 2/6 word verkoop.

Die eerstejaarstudente is verantwoordelik vir 'n uitstekende program wat gelewer sal word.

Skiet haar raak en gou! Kanse is vanjaar uitstekend!!

**Huisverteenwoordigers van P.S.O.** Handig asseblief u name onmiddellik in by u betrokke wyksverteenwoordiger. Dit is noodsaaklik.

**'n Gedrukte P.S.O.-Konstitusie** sal eersdaags by enige lid van die Huiskomitee verkrygbaar wees.

# Magriet Geyer Lei Dames Op Die Hokkiebaan

Die dameshokkieklub het 'n begin gemaak met hul werksaamhede vir die jaar. 'n Hokkievergadering is gehou in Huis de Villiers se leeskamer op Dinsdagaand, 12 Maart.

Die bestuur is soos volg saamgestel:

Kapteine: mej. Magriet Geyer.
Sekretaresse: mej. Suzette Keyter.
Asst.-Sekr.: mej. Rina Jordaan.
Tesourier: mej. Elrika Neethling.

Die subskripsiegeld van 4/6 kan ingehandig word by die bestuur so gou as moontlik. Die planne van die jaar is bespreek en daar is gewag gemaak van gereelde afrigting deur mej. Elma Kingswell van die Tuine hokkieklub.

Mev. Day, goed bekend in die O.V.S. i.v.m. hokkiesake, is ook in ons midde en het beloof om met die afrigting te help. Mej. Geyer het veral gereelde spanoefeninge beklemtoon en ook spanspelers vermaan om wedstryde getrou te speel.

Daar is baie geesdrif onder die lede te bemerk en almal is welkom om aan te sluit. Verlede jaar is 'n baie hoë standaard gehandhaaf en daar sal voorwaar hard gespeel moet word om in die voetstappe van die voormalige elftal te volg.

# Drie Trofeë Op Die Spel!

## Middagreeks Vir Atlete Neem Aanvang

Die Atletiekklub U.S. is tans besig om 'n reeks middagbyeenkomste af te handel. Hierdie reeks vind jaarliks groot byval, want dit skep vir almal, wat belangstel, die geleentheid om deel te neem en hul bevoegdhede uit te toets.

Punte word toegeken volgens die Victor Ludorum skaal en trofeë word toegeken aan (a) die atleet wat die hoogste aantal punte behaal, (b) die atleet wat die hoogste aantal punte in een nommer behaal, en (c) die atleet wat die hoogste aantal punte vir drie nommers behaal. Dit geld ook vir dames.

Die res van die program is soos volg:

MAANDAG, 18 MAART: *Mans:* Een myl, 120 tree hekkies en verspring. *Dames:* 80 meter hekkies en spiesgooi.

DONDERDAG, 21 MAART: *Mans:* 440 tree, hoogspring en diskusgooi. *Dames:* 75 tree.

MAANDAG, 25 MAART: *Mans:* 880 tree, paalspring en 220 tree hekkies. *Dames:* 180 tree en diskusgooi.

R. Knott het Maandagmiddag die 100 tree in 10.5 sek. verower.

*Die byeenkomste neem om 5 n.m. 'n aanvang.*

E. MARSH se
PAARL STOOMWASSERY
tot u diens vir
• WAS
• DROOGSKOONMAAK
• KLEUR
Agente:
De Wet Broers, Stellenbosch.

# U.S.-Boksklub Beloof 'n Hoogtepunt

As die boksentoesiasme bly soos dit is — en daar bestaan rede om aan te neem dat dit grootliks sal toeneem —-sal Stellenbosch vanjaar 'n beter span boksers hê as in die beste jare van die verlede, wat getalle en kwaliteit betref.

Tydens 'n algemene vergadering wat op die 7de Maart gehou is, is die volgende Bestuur gekies:

President: mnr. Sid Harvey.
Ere-lede: Dr. J. W. Postma en dr. R. W. Wilcocks.
Kaptein: L. van der Veen.
Onderkaptein: J. M. Swanepoel.
Sekretaris: H. J. van Zyl.
Addisionele lede: M. J. van Tonder en J. J. Botha.

Die klub beskik nog oor 'n paar staatmakers van verlede jaar, o.a. Van der Veen, Swanepoel, Marinus, Van Zyl, Botha, Pretorius en ander. Van Tonder, 'n veteraan uit die verlede, is weer terug met vaste voornemens.

Sommer met die eerste oefening was meer as sestig geesdriftiges teenwoordig, en die tweede aand was hulle aansienlik meer.

Mnr. Schmolke, afrigter van talle professionele en ander boksers in die verlede, is ook hier die breier. Sy beleid is: Organisasie en dissipline! Hy kan van enige geesdriftige sot 'n uitstekende bokser maak. Hy verdra nie halfhartigheid en lamsakkerigheid nie.

(Vervolg van bls. 3, kol. 2)

Ekonomie; Bosbou I (1e semester); Sistematiese Botanie (2e semester); Mikrobiologie; Geologie II.

DERDE JAAR: Akkerbou II; Landbouchemie II; Landbouingenieurswese II; Grondbedryfsleer; Bosbou II; Dieranatomie en -fisiologie.

VIERDE JAAR: Akkerbou III; Landbouingenieurswese III; Bosbou III; Veldbotanie en Ekologie; Bewaring van Waterbronne; Veeteelt II; Gevorderde Grondkunde.

Dit word van elke student vereis dat hy tenminste drie maande van sy vakansie moet wy aan praktiese bewaringswerk. Die nodige reëlings vir hierdie werk sal deur die personeel van die Landboufakulteit getref word.

SWEM
Leer om GOED te swem vir slegs 10/-. Bestel jou lesings direk vanaf
TARZAN-SWEMSKOOL
Posbus 148 — Stellenbosch

Skoenhersteldiens
Binne
3 DAE
lewer
VICTORIA-SKOENWERKE
(EDMS.) BEPERK
alle Skoene terug
• MASJIENHERSTELWERK
• UITHALER-MATERIAAL
• VASGESTELDE PRYSE
Ontvangsdépôt:
Dorpstraat
(Langs Vertaal-Buro)

Rook Springbok-Sigarette

# Sal Stellenbosch Vanjaar Drie Intervarsities Kan Afspeel ?

## Sestien Wedstryde Vir Eerste-Span Met Nuwe Indeling van Spanne: Twintig Saterdae Beskikbaar

**Stellenbosch sal vanjaar 16 wedstryde in die senior-kompetisie van die W.P.R.U. afspeel. Wanneer die universiteitsvakansies bygereken word, blyk dit dat daar 20 Saterdae beskikbaar is en dit wil voorkom asof daar moontlik vanjaar weer twee Intervarsities afgespeel sal kan word.**

Die tradisionele botsing teen die Ikeys vind natuurlik, soos gewoonlik, in Mei plaas, en vanjaar wel op Nuweland. Beide Pretria en Potchefstroom, moet egter vanjaar plaaslik besoek aflê, maar tensy daar voorsiening gemaak word vir 'n wedstryd gedurende die week, skyn dit asof slegs een van hierdie studente-vyftientalle op Coetzenburg sal kan optree.

Dieselfde twaalf spanne wat verlede jaar aan die Groot-Uitdaagkompetisie van die W.P.-Rugby-Unie deelgeneem het, sal vanjaar weer in die seniorliga optree. Waar daar verlede jaar egter slegs om bogemelde trofee meegeding is (Tuine en Paarl was gesamentlik die wenners), word die Stadsbeker, waarvoor daar laas in 1938, d.w.s. voor die afstigting van die Bolandse Unie gespeel is, weer op die spel geplaas.

Die spanne sal ook nie weer aan die einde van die seisoen in twee afdelings, volgens die sterkte van die klubs, ingedeel word nie.

In die eerste ronde sal die klubs weer elkeen teen die ander speel. Die Maties tree gevolglik in hul eerste elf wedstryde teen Tuine, Paarl, Somerset-Wes, Hamiltons, Villagers, U.K., Bellville, Parow, Union, Valsbaai en Maitland op.

Na voltooiing van hierdie eerste ronde word die spanne in twee afdelings verdeel volgens die aantal punte wat hulle in die eerste ronde verower het. Die tweede, vierde, sesde, agste, tiende en twaalfde spanne sal een afdeling vorm, terwyl die eerste, derde, vyfde, sewende, negende en elfde spanne op die puntelys na afloop van die eerste ronde die ander afdeling sal uitmaak.

Aan daardie span, wat die meeste punte in die twee rondes saam gebuit het, sal die Stadsbeker toegeken word, terwyl die tuiste van die Groot-Uitdaagbeker beslis sal word in 'n eindwedstryd tussen die twee wenners van die twee afdelings in die tweede ronde.

### VIND MEER BYVAL

Hierdie nuwe reëlings het veral op Stellenbosch ook baie byval gevind.

Die Matie-vyftiental het verlede seisoen eers teen die einde hul ware vorm begin toon, maar toe moes hulle in die B-afdeling saam met die heel swakkere klubs speel, met die gevolg dat baie van die spelers se geesdrif gekwyn het.

Vanjaar egter sal die maroenmanne tot in hul heel laaste wedstryd iets oor die tuiste van die bekers te sê hê. Al sou hulle naamlik geen kans meer staan om self die bekers te verower nie, kan hulle altyd die kompetisie interessanter maak deur die rol van leeutemmers te speel. Dis juis wanneer die Maties hul in 'n dergelike posisie bevind, dat hulle tot groot hoogtes kan styg.

Indien die geesdrif egter enigsins as maatstaf kan dien, behoort Stellenbosch vanjaar die leeus te wees wat sal getem moet word. Die materiaal is ter beskikking van die breiers en dit sal slegs daarvan afhang hoe gou die nodige samespel ontwikkel kan word.

Die agterhoede behoort vinnig en vaardig te wees met manne soos Connie de Kock, G. Swiegers, Tjol Lategan, Morgan ('n besondere ratse en vinnige speler), Bekker, Krige, De Villiers, Sennett en Ras. *Danie Hugo* (voormalige Paarlse vleuel), sal, na verneem word, nie vanjaar aan voetbal deelneem nie, daar hy hom meer besonder op atletiek wil toelê.

Onder die voorspelers sal dit aanvanklik moeilik gaan om agt beste manne uit te kies. Wouter Hugo, Daan Swiegers, Piet van Wyk, Jan Burger, Jan Horn en Oosie Oosthuizen is weer beskikbaar, terwyl Bert Esterhuyzen moontlik ook weer sy volle gewig by die klub sal ingooi.

Nuwe voorosse, van wie daar baie verwag word, is John Morkel, die voormalige lid van die toerspan van die Sesde Divisie, en Michau. Soeloe Joubert en Okkie Maas, die bekende swaargewigstoeier, word ook op die veld verwag met die eerste oefeninge, en dit wil voorkom asof Stellenbosch vanjaar, in teenstelling met vorige jare, oor 'n baie swaarder en stewiger agttal sal beskik.

*Dit sal bepaald jammer wees indien die Intervarsities teen die Noordelike universiteite sal moet oorstaan tot volgende seisoen. Maties het 'n appeltjie te skil met die Tukkies, wat verlede jaar 'n oortuigende oorwinning behaal het. En die Maties is vasberade om, wat Intervarsities altans aanbetref, vanjaar skoonskip te maak.*

## Intervarsity Op 11 Mei

**Na gister uit betroubare bron verneem is, sal die jaarlikse voetbal-intervarsity tussen Maties en Ikeys vanjaar op 11 Mei op Nuweland plaasvind.**

## Maties Hardloop More Op Bellville

'n Aantal Matie-atlete, waaronder Daan Hugo, Hennie van Heerden, Ralph Knott, Jan Preuyt, Jan Visser en Gerhard Roux gaan môre na Bellville om aldaar aan die jaarlikse ope byeenkoms van die Bellvillese klub deel te neem.

Die naellope, 440, 880, myl en interklub-aflos sal betwis word en die Maties, wat tans almal goed afgerig is, sien uit na hierdie eerste botsing met ander klubs. Die vertoning van die U.S.-aflosspan, wat ook aan die W.P.-seniorkampioenskappe sal deelneem, sal veral met belangstelling dop gehou word.

## Wouter Hugo Aan Die Spits

Wouter Hugo sal vanjaar die Matie-vyftiental op die veld lei. Op een van die mees geesdriftige jaarvergaderings wat die Stellenbosse Rugbyklub in jare belewe het, is hy tot kaptein gekies, met „Oosie" Oosthuizen as onderkaptein.

Die res van die bestuur is soos volg saamgestel:

Voorsitter: Dr. E. T. Stegmann.
Ere-sekr.: Dr. D. Conradie.
Addisionele lede: C. de Kock, P. v. Wyk, J. Burger en mnr. J. Smit.

## Manshokkie Beskik Oor Mnr. Kelder Se Dienste

### *Spelers Vuur en Vlam — Eerste Liga Terug op Vooroorlogse Grondslag*

Op die jaarvergadering van die manshokkieklub is die volgende gekies as die bestuur vir 1946:

Kapt-voorsitter: R. J. Storm.
Onder-Kapt.: T. N. du Toit.
Sekr.: B. J. van der Vyver.
Onder-Sekr.: Q. Bauman.
Add. Lede: W. B. de Villiers, J. J. de Klerk, S. S. Loubser.

Die klub het die dienste verloor van Hennie Lamprechts, kaptein van verlede jaar, Piet Combrinck en Jack Uys. Hul verkeer egter in die gelukkige posisie dat daar baie spelers van die juniorspanne beskikbaar is, wat besondere talent aan die dag gelê het. U.S. behoort goeie vertonings te lewer vanjaar.

Hul sal gedugte teenstanders ontmoet, daar meeste van die spanne wat weëns oorlogsdiens baie lede verloor het, weer op volle sterkte sal wees. Spanne soos Vishoek, Pecton en Banke, wat óf tweede liga gespeel het, óf hulle heeltemal onttrek het van die kompetisie, skryf weer vanjaar spanne in.

U.S. en U.K. voel dat hulle laer spanne nie genoeg kompetisie in die laer ligas kry nie, en wou toe elk twee eerstespanne inskryf. Op die W.P.H.U.-vergadering van Dinsdagaand is besluit om die eerste liga te beperk tot 9 spanne en die Universiteite sal net een eerstespan toegelaat word.

Die ou vooroorlogse spanne van eersteligastatus is toegelaat asook 'n nuwe klubspan, nl. Westelike Provinsie, wat 'n aantal van Varsity Old Boys se spelers sal trek, Woodstock Old Boys en Seepunt Old Boys. Laasgenoemdes het gedurende die oorlogsjare eersteliga begin speel.

'n Leemte van baie jare word vanjaar aangevul deur die benoeming van mnr. J. Kelder as klubbreier. Mnr. Kelder is aan die brand en sy geesdrif het reeds aangesteek onder die 18 stuks wat sy eerste lesing en losmaakoefeninge op Coetzenburg verlede Maandagaand bygewoon het.

Die spelers kom e.k. Maandagaand weer om 7 uur bymekaar. Die dae van een uur se doellose rondhardloop op die bane op twee sogenoemde oefenmiddae is verby. Daar sal vanjaar op wetenskaplike grondslag geoefen word.

## HOE DIE SPANNE GEVAAR HET

Die onderstaaande gegewens is verstrek deur dr. D. Conradie verlede week ter geleentheid van die jaarvergadering van die Stellenbosse Rugby-Voetbalklub, en dui aan hoe die 13 spanne wat verlede jaar vir die kompetisies van die W.P.R.V.U. ingeskryf het, gevaar het:

| | Gesp. | W. | V. | Gel. | P.V. | P.T. | Tot. |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| I .. .. .. .. .. .. | 16 | 10 | 5 | 1 | 142 | 66 | 21 |
| II .. .. .. .. .. .. | 15 | 7 | 5 | 3 | 101 | 70 | 17 |
| III .. .. .. .. .. .. | 13 | 7 | 3 | 3 | 123 | 51 | 17 |
| Res. A .. .. .. .. | 11 | 9 | 2 | 0 | 154 | 44 | 18 |
| Res. B .. .. .. .. | 11 | 6 | 3 | 2 | 122 | 38 | 14 |
| Res. C .. .. .. .. | 10 | 10 | 0 | 0 | 110 | 15 | 20 |
| Res. D .. .. .. .. | 7 | 2 | 4 | 1 | 42 | 45 | 5 |
| Res. E .. .. .. .. | 7 | 2 | 4 | 1 | 29 | 38 | 5 |
| **ONDER 19:** | | | | | | | |
| Onder 19 A .. .. | 14 | 11 | 2 | 1 | 153 | 29 | 23 |
| Onder 19 B .. .. | 11 | 9 | 1 | 1 | 151 | 28 | 19 |
| Onder 19 C .. .. | 13 | 11 | 2 | 0 | 171 | 44 | 22 |
| Onder 19 D .. .. | 8 | 3 | 2 | 3 | 49 | 21 | 9 |
| Onder 19 E .. .. | 7 | 3 | 3 | 1 | 27 | 67 | 7 |


**Belangrike Aankondiging**

*So Pas Ontvang*

**Populêre en Ou Bekende Make:**

*Ingevoerde Tennisrakette*
*Pensylvania-Tennisballe*
*Kort Wit Tennisbroeke*
*Rex Trueform Sportbaadjies en Broeke*
*Lincoln Bennet- en Moors-hoede*
*Dr. Watson Rubbersool-skoene*
*Egte Briar-pype*
*Sigarethouers*

**Gebrs. De Wet (Edms.) Bpk.**

Foon 20 — STELLENBOSCH — Posbus 21